

## Nuusbrief 52: September 2011

Is die internasionale markte hoegenaamd êrens heen oppad? Sal die plaaslike mark enige groei toon? (sien insetse!)



Ongelukkig weet niemand wat die toekoms vir ons inhou nie. Meer toepaslik sê die Spanjaarde: "in 'n toekoms" (en un futuro) in teenstelling met Afrikaans en Engels wat sê: "in **die** toekoms" – triviaal en moontlik nie die regte manier om jouself uit te druk nie.

Plaaslike en internasionale markte is tans uiters wisselvallig. Ons sien 'n drastiese op en af beweging van aandelebeurse. Beweging van 3% per dag op die groot indekse was sowat 15 jaar gelede ongehoord. Met die 2008 sub-prima krisis nog vars in ons geheue, sal dit goed wees om 'n terugflits in die geskiedenis te gee...

Behalwe vir die Tulp en Munt-krisisse in die 16de eeu, is die bekende 'South Sea Bubble' een van die vroegste aangetekende "markborrels". Die South Sea Company was 'n Britse maatskappy wat gedurende die 18de eeu in Suid-Amerika handel gedryf het. Die Britse regering het aan die maatskappy 'n monopolie toegestaan. Spekulasie in die maatskappy se aandele het gelei tot 'n borrel wat in die 1720's die finansiële ondergang van baie mense veroorsaak het. Sir Isaac Newton het 'n aansienlike bedrag geld verloor en het aangeteken: "Ek kan die bewegings van die hemelliggame bereken, maar nie die waansinnigheid van mense nie."

Studies het getoon dat die periode vir aanvaarding van nuwe idees al korter word. Voorbeelde is die tyd wat dit geneem het vir die gemiddelde Amerikaanse burger om met 'n motor te ry, te vlieg, 'n mikrogolfoond te koop, 'n persoonlike rekenaar of 'n selfoon te besit. Hierdie aanvaardings-tydperk het aansienlik gedaal. Gevolglik is die "boom and bust" siklusse ook korter en meer gereeld. Tans duur die gemiddelde siklus ongeveer 7 tot 8 jaar. Soos met die natuur se seisoene, het hierdie siklusse gemeenskaplike eienskappe of fases. Daar is aanvanklik 'n aanvaardings- en oorgangstydperk. Namate pryse verhoog neem maklike krediet toe. Dit word gevolg deur buitengewone verhandelingsvolumes wat met euforie gepaardgaan en tot skeptisisme lei (volhoubaarheid van die groei word bevraagteken). Dit lei tot 'n tuimeling in die mark.

Die onderliggende tema is "kudde-gedrag" van mense wat

ander slaafs navolg. Die verspreiding van inligting deur die Internet en ander tegnologie vuur uiteraard hierdie verskynsel verder aan.

### Voilà en alles verander in Goud!

Wat ons hierbo sê, sluit aan by die jongste bewegings in die goudmark. Ons moet die bemarking-skemas om in goud te belê met versigtigheid benader. Goud word tans tydens 'n wêreldwye skuld krisis as 'n "veilige hawe" beskou. Stellings soos: "Hierdie keer is dit anders" is gevaarlik. Soos voorheen verduidelik, beweeg ons in siklusse. Indien ons vir 'n oomblik 40 jaar terugkyk... het Suid-Afrika 'n soortgelyke stormloop vir goud ervaar in die vorm van Krugerrande.

Alhoewel goud gesien word as 'n ander bateklas (soos met kontant, effekte, aandele en genoteerde eiendom), het dié edelmetaal 'n paar unieke eienskappe waarvan ons moet kennis neem. Die prys van goud word deur die mark bepaal en is hoofsaaklik gedryf deur 'n ernstige onsekerheid – dit word gesien as verskansing. Histories het goud sterk vertoon toe die Amerikaanse Dollar verswak het. In teenstelling met ander bateklasse is daar geen inkomste-stroom soos bv. dividende of huurinkomste nie; d.w.s. die totale opbrengs is slegs kapitaalwinst. Ons bevraagteken die veiligheid sowel as die likiditeit van fisiese goud in Suid-Afrika. Boonop, Exchange Traded Funds (ETF's) soos die gewilde New Gold uitgawe is in wese 'n "papier", of 'n finansiële instrument van die Ware Jakob. Hierdie struktuur hou ander risiko's in wat noukeurig oorweeg moet word.

### Wat moet ons doen?

- Moenie panikerig raak nie. Ignoreer die geraas. Moenie dat tussentydse markbewegings u van stryk laat bring nie. Warren Buffet het tereg gesê: "It's not about market timing, but time in the market."
- Wees geduldig, siklusse bring groot geleenthede
- Diversifiseer en weerhou uself van modegiere
- Hou by 'n goeie beleggings-plan en metodologie
- Spaar en leef binne u vermoë. Pasop vir die kleiner uitgawes ('n klein lekkie kan 'n groot skip laat sink)
- Verminder persoonlike skuld

Die vorige dekade tot en met 2008 het buitengewone groei getoon. Kenners is van mening dat die opbrengste in die komende dekade laer sal wees – dus 'n terugkeer na 'n historiese gemiddelde. Onthou dat wêreldwye skuld eers afgewerk moet word. Ons sal waarskynlik ervaar dat markte vir nog 'n periode sywaarts gaan beweeg (nie regtig op, of af gaan nie) Finansiële kommentaar verwys na die nuwe "normaal"; m.a.w. ons moet ons verwagtinge temper.

### Administrasie terugvoer...

ABSA het sy nuwe aanlyn-verslae vir ons kliënte geloods. Die geskeduleerde aanvangs-datum vir hierdie nuwe weergawe is 30 September. Kontak ons indien u probleme ervaar met toegang tot u beleggingsrekening.

Ons is tans in die finale fooi-onderhandelinge met ons batebestuurders en administrateurs. Ons nuwe fooi-struktuur word binne die volgende maand gefinaliseer.

Volgens verslae en terugvoering van die Raad op Finansiële Dienste (RFD) hoop ons dat ons nuwe beleggingstrategieë se registrasie teen die einde van November 2011 in plek sal wees; en gereed vir die omskakeling. Ons sal u verder hieroor inlig.